NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 19 JANUARIE 2025

TWEEDE SONDAG VAN EPIFANIE

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Nuwe Jaar 2025

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Lukas 4:14-21; Nehemia 8:1-3, 5-6, 8-10; Psalm 19; 1 Korintiërs 12:12-31a

SONDAG, 19 JANUARIE
09:00 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo Deuroffer ten bate van: Bybel Media Erediensspan 4 – Robert Rootman • **Gemeentetee na Erediens in die voorportaal** **Na afloop van die Erediens in die saal – Registrasie** 10:00 Kleuterkerk Kinderkerk Senior kategese Belydenisklas
MAANDAG, 20 JANUARIE
09:30 Week van gebed in konsistorie
DINSDAG, 21 JANUARIE
09:30 Week van gebed in konsistorie
WOENSDAG, 22 JANUARIE
09:30 Week van gebed in konsistorie
DONDERDAG, 23 JANUARIE
09:30 Week van gebed in konsistorie Sopbeurte: Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit, Louis/Esther van Eeden, Erica van der Westhuizen

VRYDAG, 24 JANUARIE
09:30 Week van gebed in konsistorie
SATERDAG, 25 JANUARIE
SONDAG, 26 JANUARIE
DERDE SONDAG VAN EPIFANIE 09:00 Oggenddiens Deuroffer ten bate van: Straatwerk Erediensspan 1 – Lorraine Louw • **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens • **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

GEMEENTENUUS

1. Doutie Vermaak (Alta du Toit gronde) ondergaan 'n operasie in die komende week.
2. Ons vra voorbidding vir ons orrelis, Ilse, se ma, Quini, se gesondheid.
3. Lorna Robinson (La Bri Slot) ondergaan in die komende week 'n knieoperasie.
4. Babie Vlok (Van Bruggenstraat) is oorlede. Haar troosdiens is Woensdag 22 Januarie om 11:00 in ons kerk.
5. Rikus Labuschagne (Graylingstraat) het as vlieënier gekwalifiseer.
6. Lenell Labuschagne (Graylingstraat) is ontslaan uit die hospitaal en sterk aan by die huis.
7. Maatje van der Westhuizen (Huis De Kuilen) is ontslaan uit die hospitaal en sterk by Huis De Kuilen.
8. Ungere Wassüng, dogter van Johnny en Alet Wassüng (Othello), sterk tuis aan. Johnny ondergaan op 11 Februarie 2025 'n operasie.
9. Geluk aan die matrikulante 2024 met hul uitslae. Sterkte aan elke leerder en student met die nuwe akademiese jaar.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

19/01 Leandré van Dalen, Jean Visser, Tanya Geldenhuys, Mariette Smook, Selinah Esau, John Haynes, Estelle de Wet, Pieter Nel, Juan Wethmar
20/01 Bettie Saayman, Nico Theron, Rudolf Visser, Carlo Kotzé, Eldrich Paulsen, Marinda Boshoff, Engela Wernich(80), Melani Geyer, Liané du Toit
21/01 Johan Engelbrecht, Kobus Fourie, Dirk Heydenrych, Dina van Zyl
23/01 Ben Welman, Michal de Kock, Jurie Kennedy, Eldrich Paulsen(jnr)
24/01 Johan de Jager(92), Anna du Toit(86), Sanet Spies, Jakes Jacobs, Alta le Roux(80), Zander Boshoff
25/01 Lynri Snyder, Cecile Visser, Fritz van Wyk, Alta Rademeyer, Mia en MJ Erasmus, Emile Reid

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Bybel-Media (BM)

Bybel-Media (BM) ontsluit die Bybel deur media. Ons versprei geestelike materiaal oor die hele Suid-Afrika en Namibië deur middel van boeke, video's en opleidingskursusse. Ons hoofkantoor is in Wellington gesetel.

BM het reeds en wil steeds 'n groot bydrae lewer om mense se geestelike lewe te verryk en God se koninkryk uit te bou – hier in Suid Afrika én buite ons landsgrense. Benewens geestelike hulpmiddels soos Bybelstudie-, kategese- en kleingroepmateriaal, verskaf BM ook die Liedboek-, Vonkk- en Flam-musiek. Verder is BM betrokke by die Gevangenisbediening, Vroeëkinderontwikkeling en praktiese teologiese opleiding aan geestelike leiers uit die Onafhanklike Afrika-kerke deur middel van die Sokhanya- en Nehemia-Bybelkursusse.

BM – as 'n niewinsgewende organisasie – is grotendeels van donasies en erflatings afhanklik om al bogenoemde dienste te kan lewer. Daar word dikwels gesê dat elke druppel water nodig is om 'n emmer vol te maak. So is elke bydrae nodig om te sorg dat die werksaamhede van BM volhoubaar bly en doeltreffend gedoen kan word. Om met jou finansiële bydrae 'n verskil in ander mense se lewe te maak is 'n voorreg. Dit bied nie net aan jou die geleentheid om menselewens te verryk nie, maar ook om self verryk te word deur jou welwillendheid. Lukas, die Evangelieskrywer, onderstreep hierdie gedagte in Handelinge 20:35c wanneer hy sê: "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."

Baie dankie vir elke donateur se welwillendheid, meelewing en bydraes. Dit herinner aan die woorde van Winston Churchill: "Ons maak 'n bestaan deur wat ons ontvang, maar ons skep 'n lewe deur wat ons gee."

Wil jy 'n bedieningsvennoot van Bybel-Media word? Só kan ons die Bybel deur die media vir miljoene mense ontsluit.

GLAS POTTE GESOEK

Ons benodig groot **glaspotte** vir die inlê van produkte vir ons koskas.
Dit moet asseblief die 750g glaspotte (bv. mayonnaise) wees.
GEEN koffie potte nie asb.
Julle kan dit by die kerkkantoor afgee.

SOPKOMBUIS

Miemmie Myburgh, koördineerder van die sopkombuis namens De Eike, soek nog mense wat bereid is om sop te kook vir die sopkombuis. Tans kook die helpers 1 keer elke 2 maande, maar met meer helpers sal almal minder gereeld hoef te kook.

Kontak vir Miemmie op 0795094133 of die kerkkantoor.

SEKURITEIT OP KERKGRONDE

De Eike Sekuriteitsplan vir kennisname deur Gemeente

Die Kerkraad het na aanleiding van vorige insidente besluit om ter wille van lidmate, kerkpersoneel en alle eiendom, algmene waaksaamheid by die kerk te verskerp.

Daar sal voortaan 2 Parkeer Ambassadeurs op die terrein wees terwyl die erediens aan die gang is, om ‘n ogie oor die motors te hou. Ons herinner lidmate daaraan dat hulle welkom is om ‘n donasie aan hierdie manne te gee. Dit is hul enigste vergoeding vir die diens wat hulle lewer. Hulle sal aan die einde van diens by die hekke in Pionier en van der Heever straat wees om ‘n donasies te ontvang.

Dankie van Die Beveiligingskommitee (Sias Koen (Koördineerder) Johan Kotzé, Johan Bean)

KERKKOOR

KUILSRIVIER KERKKOOR NOOI NUWE LEDE OM AAN TE SLUIT.

Kooroefeninge is Maandae aande om 18:00 om die beurt by De Eike gemeente en Kuilsrivier Moedergemeente.

Vir verdere inligting kontak die orrelis/musiek koördineerder, Ilse Myburgh (0823461482).

Die kooroefeninge begin Maandag 27 Januarie 2025 by De Eike.

SEMINAAR

La Rochelle Gemeente bied die **“Loss of Spouse”** eendag seminaar aan.

Hartseer herstel is 'n diep pynlike proses, en ons verstaan die unieke uitdagings wat gepaard gaan met die verlies van 'n huweliksmaat.

Ons nooi jou graag uit na 'n spesiale 2-uur seminaar wat ontwerp is om praktiese ondersteuning, gerusstelling en hoop te bied.

Datum: 4 Februarie 2025

Plek: Lokaal A, La Rochelle Gemeente, Bellville

Tyd: 18:30 – 20:00

Koste: R100 (Ingesluit ‘n handleiding)

Registrasie skakel: https://www.griefshare.org/events/252671

Vir meer inligting kontak: Martin 0823208250 / Trudie 0716852971

PREEKSKETS

TEMA – DIE BESTE VIR LAASTE IN OORVLOED

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Johannes 2:1-11

1. Op hierdie tweede Sondag ná Epifanie is dit gebruiklik om stil te staan by Jesus se eerste wonderteken, die water wat by die bruilof in Kana in wyn verander is. Maria nader Jesus dus en sê dat die bruilofsfees ‘n tekort aan wyn het. Daarna gaan sê Maria vir die kelners dat hulle net moet doen wat Jesus van hulle vra. En die res is geskiedenis. Jesus verander ‘n natuurelement, naamlik water, in wyn en gee sy eerste openbare teken dat hy gans anders is.

2. Jesus doen dinge sonder vertoon. Dit is merkwaardig dat Jesus ’n wonderteken doen sonder vertoon of aanstellerigheid. Hy toon sy heerlikheid, versterk die geloof van sy dissipels, maar oordonder nie die hoofkelner of die bruidegom met sy mag nie.

3. God openbaar Homself in Sy Seun Jesus Christus. Jesus is meer as net mens – Hy is die Seun van God met Goddelike mag. Deur hierdie wonderwerk begin Jesus Sy heerlikheid aan die wêreld openbaar. God se genade is soos ‘n massiewe ondergrondse fontein wat wag om deur te breek. Dit soek net ‘n Maria wat sê, doen wat Hy vir julle sê om te doen. Dit soek net ‘n paar kelners wat Jesus se opdrag uitvoer en die water vir die hoofkelner neem. Op pad gebeur die wonder, hoe weet hulle nie, maar wees verseker, nooit het wyn só goed gesmaak soos op daardie troue nie.

4. Dit is die God wat ons aanbid. Dit is die God wat in die krisisse in jou lewe teenwoordig is. Hierdie wonderwerk herinner ons daaraan dat Jesus die bron van ware vreugde en oorvloedige lewe is, en dat Hy aktief betrokke is in die behoeftes van Sy mense. Doen wat Hy vir jou sê. Voer sy opdragte uit, en jy sal ook ervaar dat water in wyn verander.